Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die Kommandant-generaal se toespraak op Elsburg in 1941 was 'n oproep tot volkseenheid ongeag partyverband.*

# Die O.B.

*Dr. Malan se toespraak op Stellenbosch in 1941 was 'n oproep tot skeuring terwille van partyverband.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 17 MAART 1943. No. 17.

# Patrollies van Rooi Leër is Reeds by Ons

## DR. MALAN VREES 'N ELEKSIE-OORWINNING

### Sal dan Vrede Moet Maak Teen Engeland se Sin

Die mening is onlangs deur 'n verantwoordelike man uitgespreek dat dr. Malan se eienaardige optrede in die politiek toegeskryf moet word aan sy vrees om 'n verkiesing te wen. Dr. Malan, so is verklaar, is bang dat as hy die verkiesing wen, hy voor die moeilikste taak van sy lewe gestel sal word. **Volgens sy beleid sal hy vrede moet sluit met Duitsland, maar dit sal beteken dat hy dan in oorlog sal kom met Engeland en Amerika wat nie sal toelaat dat hulle van so 'n belangrike oorlogsbasis as Suid-Afrika beroof word nie. Om hierdie rede verkies dr. Malan om liewer nie die verkiesing te wen nie, maar te speel vir die dag wanneer die vrede aanbreek.** Op daardie dag wil hy graag die sterkste nasionaalgesinde groep agter hom hê, sodat hy met die oorwinnaar kan onderhandel. Om hierdie doel te bereik is dit nodig dat hy alle ander nasionaalgesinde groepe moet vernietig en intussen sorg dat die Smuts-bewind gehandhaaf bly. Om hierdie rede is dit dat dr. Malan geen verkiesingsooreenkoms met ander republikeinse groepe wil aangaan nie, maar inteendeel die vyandigste persone teen die Ossewabrandwag uitsoek om as kandidaat vir sy party te staan.

Dat daar baie in hierdie bewering steek, blyk uit die gebeurtenis voorverlede week in Natal. Hierdie Provinsie het daarin geslaag om vir meer as 'n jaar die republikeinse Afrikaners bymekaar te hou. Die Ossewabrandwag en die Party het daar in vrede saam gelewe en 'n eenheidsfront teenoor die Empire-bewind getoon. **Dit was 'n ideale toestand vir 'n verkiesing, maar nou gebeur dit dat kort voor die verwagte verkiesing die Partybestuur daar 'n skeuring bewerkstellig soos elders in hierdie uitgawe berig word. Deur 'n voorstel op die kongres af te dwing wat bedoel is om O.B. lede uit te skop, is alle moontlikheid vir 'n gesamentlike verkiesingstryd in daardie Provinsie nou ook uitgeskakel. Dr. Malan het seker gemaak dat hy ook geen setel in Natal sal wen nie. Hy hoef dus nie 'n oorwinning vir sy party te vrees nie.** Die oorlog sal sy gang gaan en hy sal nie in die moeilike posisie geplaas word om teen die sin van Engeland en Amerika vrede te sluit met Duitsland nie.

Die verkiesing sal egter 'n handige wapen wees om die Ossewabrandwag te slaan vir wie dit onmoontlik sal wees om vyandiggesinde kandidate te ondersteun. En intussen sal gesorg word dat die paar beroepspolitici wel veilige setels sal betwis terwille van hul bestaan.

## K.G. SE VERGADERINGS

**Die Kommandant-generaal hou môreaand 'n vergadering op Stellenbosch en Vrydagaand om 8-uur 'n vergadering in die Hofmeyrsaal, Kaapstad.**

**Ondersteun Ons Adverteerders**

## K.G. Waarsku in Kragtige Taal Teen Totale Ondergang

### Nasionale Gesagstaat Enigste Redmiddel

**,,Ons bring Hulde! Ons bring Hulde! Ons bring Hulde!'' Hierdie huldebetuiging het Vrydagaand, 5 Maart, deur die opelug op Crosby, Johannesburg weergalm toe dit spontaan uit duisende kele aangehef is nadat die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, een van sy skitterendste toesprake op die Rand afgesluit het. So spontaan en hartlik was die toejuiging dat dit naderhand van die verhoog af tot bedaring gebring moes word.**

Nieteenstaande die feit dat die reënweer wat al vir die laaste week oor die Rand uitsak, tot 'n paar minute voor die aanvangstyd van die vergadering nog geen teken van opklaring getoon het nie, het 'n skare van tussen 2,500 en 3,000 die ongierige weer trotseer en in die opelug vergader om na hul Kommandant-generaal te luister. Die mans en ook vroue het buite in die nattigheid en koue gestaan, terwyl honderde vroue en kinders in die motors bly sit het aangesien die luidsprekers die Kommandant-generaal se woorde na hulle gedra het.

Die K.G. is ingewag deur 'n erewag van 8 manne in verweelbaadjies, rybroeke en kamaste, elkeen met 'n O.B.-Vierkleur in die hand. Deur 'n pad met tien groot O.B.-vlae afgesteek en deur 'n erewag van manne en vroue in die gebruiklike wit drag bewaak is, het dr. Van Rensburg na die verhoog gestap. Toe hy die verhoog bestyg, het luide ,,Ons bring Hulde!'' hom dawerend uit die skare begroet.

Hierna het op bevel van die voorsittende offisier, genl. J. D. Jerling, A.K.G. vir Transvaal, 'n vlaghysingsplegtigheid plaasgevind. Onderwyl die Volkslied uit volle bors aangehef is en alle brandwagte op saluut gestaan het, is die O.B.-Vierkleur statig aan 'n lang vlagpaal voor die verhoog gehys om daarna indrukwekkend in die koel luggie te ontvou. Ewe indrukwekkend was die ses reuse O.B.-vaandels wat aan weerskante van die verhoog gepryk het.

Soos gewoonlik met O.B.-vergaderings, was ook die Speurdiens goed verteenwoordig, hierdie keer egter in volle sterkte.

Net voor die verrigtinge met die sing van die Volkslied afgesluit is, het die erewag op versoek van die voorsitter 'n kollekte ten behoewe van die O.B.-Noodhulpfonds opgeneem, waartoe die aanwesiges mildelik bygedra het.

Dr. Van Rensburg se toespraak was as volg:

### WOLF EN SKAAP

In die moderne geskiedenis het ons die feudale of adelstaat gehad, wat in die Franse Rewolusie ineengestort het en plek moes maak vir die burgerlike demokrasie of liberalisme. Die idee was vryheid, gelykheid, broederskap. Maar dit het vinnig en onvermydelik ontaard in kapitalisme. **Want demokrasie het almal vrygemaak — die wolwe en jakkalse sowel as die skape!** En vryheid en gelykheid is vir die wolf 'n ideale toestand om in vet te word — ook vir die jakkals. Laat ons hierdie grondwaarheid van die sogenaamde demokrasie of liberalisme vasstel: al-

(Vervolg op bls. 2)

## UITWERKING VAN VOLK SE ,,ENIGSTE WAPEN''

,,Dit was mnr. C. R. Swart wat teen die end van die sittingsdag die Departement van Justisie sonder handskoene bygeloop het. **Die Minister van Justisie was nie daar nie.''**—Die Burger, 5 Maart.

Mnr. Swart het seshonderd myl ver gekom om die Minister van Justisie ,,by te loop'' oor sy Middeleeuse geregtigheid en Amerikaanse derdegraadse metodes in die tronke. Hy het 'n sterk saak gehad, maar . . . ,,die Minister was nie daar nie''!

En terwille van hierdie ,,wapen'' moet die Ossewabrandwag vernietig word!

## TEEN WIE VEG HULLE?

Die H.N.P.-leiers eis dat elke kandidaat van hulle by die komende verkiesing 'n verklaring vooraf moet onderteken waarin hy onderneem om alle betrekkinge met die **Ossewabrandwag** te verbreek. Hy hoef nie soiets te onderneem ten opsigte van die Smuts-party wat die Regeringsparty is nie.

**Teen wie veg hierdie leiers dan — teen die imperialis Smuts of teen die republikeinse Ossewabrandwag?**

## LEIBBRANDT EN O.B.

### K.G. se Verklaring

**Robey Leibbrandt het meermaal en openlik sy vyandskap teenoor die Ossewabrandwag en die leiding daarvan te kenne gegee. Hy het ook dienooreenkomstig gehandel.**

**Vandag hang die doodvonnis oor hom en hy is offerande op die altaar teen die Empire.**

**Die Ossewabrandwag weet om enige selfopoffering te respekteer, of dit van binne of buite ons eie geledere kom. En ons sien in Leibbrandt se doodvonnis net 'n nogmalige bewys dat die Empire se oorloë elke keer Afrikanerbloed aan albei kante opeis en so sal dit aanhou totdat die Empireband verbreek word.**

**Leibbrandt se lot rus nou in hande van die Regering. Ons wil die Regering aandagtig maak aan die ou volkspreuk, dat gras weer vinnig oor slagvelde groei, maar nooit weer oor die skavot nie.**

**(Get.) J. F. J. van Rensburg.**
**K.G., Ossewabrandwag.**

## OFFISIERE VERPLIG OM NUWE LEDE TE WERF

### Bevel vir Kaapland

Onderstaande bevel is deur die A.K.G. van Kaapland uitgereik in verband met die werwing van nuwe lede:

(a) Benewens die enkele kwaadwillige aanhitsers van die broederstryd is daar nog altyd die menigte republikeinse Afrikaners wat deur wanvoorstellings daartoe gebring is om die Ossewabrandwag te bedank. Hul bedankings was nie die bewys van swak Afrikanerskap nie, maar slegs van die sukses van misleidende propagandaveldtogte.

(b) Aan hierdie gewese Brandwagte reik die Ossewabrandwag die hand van broederskap en wil hulle weer inbring binne die volkslaer van die Ossewabrandwag, waar alle republikeinse Afrikaners voortdurend welkom is en waarbinne hulle almal eendag verenig sal staan.

(c) Om die hand van vriendskap te vat of te weier is die keuse van ons mede-Afrikaners. **Om dit aan te bied is die plig van die Ossewabrandwag.**

(d) Offisiere en brandwagte van alle eenhede staan derhalwe onder bevel om voortdurend, elk volgens sy geleenthede, almal wat in alle goeie trou òf vir die eerste keer kom tot òf terugkeer na die Ossewabrandwag-standpunt, persoonlik te nader of te laat nader met die uitnodiging om toe te tree tot hierdie Afrikaner-broederskap, die soldatedom van ons Republiek.

116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000
**Hoofkantoor:**
**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**
**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**



## PATROLLIES VAN ROOI-LEËR REEDS BY ONS

(Vervolg van bls. 1)

mal is ewe vry en niemand word aan bande gelê nie, **geen skaap nie en ook geen wolf nie.**

Maar in ons Gesagstaat wil ons die gesag van die volk handhaaf en roofdiere aan bande lê, of dit nou van die kapitalistiese jakkals is en of dit die kommunistiese wolf is.

Uit die nood en skreiende misstande tussen weelde en rykdom enersyds en knellende armoede andersyds het die sosialistiese lewensbeskouing gekom. En tensy die mensdom in die chaos wil versink, moet hulle die sosialistiese pad bewandel. Die keuse in die toekoms gaan nie wees tussen sosialisme of kapitalisme nie. Die sosialisme het geseëvier. Die keuse is net tussen nasionale vorme van sosialisme of die anti-nasionale vorm, die kommunisme. **Vandag bots die nasionale gedagte en die anti-nasionale gedagte — albei sosialisties gevorm — in 'n bloedige wêreldstryd.**

Tussenin lê nog twee sogenaamd demokratiese ,,Empires'', Engeland en Amerika, as oorgangstap tussen demokrasie en gesagstaat. Maar hulle behoort aan die verlede — die toekoms behoort aan die Gesagstaat, nasionaal of kommunisties.

### KOMMUNISME

Die Komintern, die draer van die kommunisme, soek om die aardryk te verower vir een klas, die arbeider. Let wel, nie vir die arbeider self nie, dog vir die arbeiderklas. **Die arbeider self moet ook geen eiendom hê nie, want eiendom, sê hulle, is diefstal.**

,,Proletariërs van alle lande, arbeiders van alle lande, verenig julle, roep hul profeet, die Jood Karl Marx. Daar is net een klas wat moet regeer, net een klas wat moet bestaan, die arbeiderklas. **En alle arbeiders is een. Duitser, Zoeloe, Rus, Indiër, Afrikaner, Engelsman, Hotnot — almal een. En 'n Afrikaner-arbeider op die spoorweg staan nader aan die kleurling-arbeider op die spooorweg as aan sy eie vader, wat 'n stukkie grond besit.**

**En nie net rassegrense moet verwyder word nie, dog ook geloofsgrense, d.w.s die geloof moet verwyder word. Godsdiens is somar 'n klassewapen teen die proletariaat, leer hulle. ,,Godsdiens is opium vir die volk'', 'n verdowingsmiddel; roei dit uit.**

Geen God, geen Volk, geen kleur — net die arbeiderklas, swart of geel of wit, so leer die Kommunisme — bewus en openlik anti-Christelik, bewus en openlik anti-nasionaal.

Nou is daar mense wat meen dat die stryd van die kommunisme maar net ideologies is — 'n soort debatvereniging. **Niks is verder van die waarheid nie. Agter die Kommunisme staan nie argumente en debatte nie. Agter hom staan magspolitiek. Agter die kommunisme staan die Komintern met die Rooi Leër, die Komintern, die wêreldwye federasie van kommunistiese partye en organisasies en die Rooi Leër wat met mokerhoue hamer aan die poorte van Europa en die wêreld.** En tussen u huisgesin en die kommunisme staan nie slim argumente nie — dit is geen muur nie — **tussen u huisgesin, met u kerk, met u volk aan die een kant en die kommunisme aan die ander kant, staan die Duitse militêr met sy bondgenote en met sy vrywilligers uit besette en neutrale lande,** verdeeld in hul nasionalisme maar verenigd teen die anti-nasionalisme en die anti-Christendom. En as u lees of hoor van die geweldige gebeurtenisse in Oos-Europa, moenie dink: ,,Ag wat, die Rooi Leër is 8,000 myl van my Vaderland af!'' **Nee, onthou dat sy voorste patrollies reeds hier is. U kan hulle hoor en hulle sien in elke stad van die Unie. En veral in elke lokasie en elke kraal.**

Daarom begin ons Regering swig vir kommunistiese druk. Daarom vind ons dat nasionale Afrikaners, soos professor Stoker, sonder aanklag of verhoor moet kamp toe gaan onder die Noodregulasies, terwyl kommunistiese naturelle sonder verhoor losgelaat word deur die Regering onder dieselfde Noodregulasies.

**Net op aandrang van 'n kommunistiese deputasie, bestaande uit 'n Jood, 'n naturel en 'n blanke vrou, het die Minister van Justisie die sekretaris van die Kommunistiese Party, 'n naturel, met die naam Moses Kotane, van 'n aanklag onthef. Want agter die kommunistiese deputasie staan die skadu van die Komintern, die Senior ,,Partner'' in hierdie oorlog.**

### ,,RUSLAND AGTER MY''

Onlangs het 'n naturellekommunis in 'n naturelleskoolkommissie-vergadering dit baie onmiskenbaar gestel. Hy het die blanke sendeling op die kommissie toegesnou: ,,Jy het die Nederduitse Kerk agter jou wat maar net 'n deel van die blanke bevolking van Suid-Afrika verteenwoordig, maar ek het die miljoene swartes, met Rusland in die agtergrond, agter my!''

En hy het gelyk, howel hy vergeet het om te sê dat tussen hom en die Rooi Leër, Gode sy dank, die Duitse weermag staan.

**Van alle volkere op aarde is u volk, die Afrikanerdom, die enigste vir wie die oorwinning van die Komintern na letter en gees die totale ondergang beteken.** In Duitsland is die proletariaat Duits, Engels in Engeland, Sweeds in Swede. Maar in Suid-Afrika, in ons enigste Vaderland, is hy nie Afrikaans nie, dog 'n naturelle-proletariaat. As die arbeidende klas die heersende klas word, kan dit net beteken dat die blanke ras — u volk — voor die stormloop van die nie-blankes moet ondergaan.

En in hierdie krisisuur, waar die nasionalisme van alle volke op die spel is, en waar anti-God en anti-Volk in die gestalte van die Komintern aan die Ooswal van Europa klop; waar ons handlanger-regering die Kommunistiese Party amptelike erkenning gee — in hierdie krisisuur verklaar die Afrikanerdom deur die Ossewabrandwag voor vriend en vyand met opset dat hy vas en konsekwent glo in die Christelik-nasionale Gesagstaat, nasionaal en sosiaal van inhoud. **En as angsvallige mense sê dit is nasionaal-sosialisties, kan hulle dit maar sê, want ons veg nie vir 'n woord nie, ons veg nie teen 'n woord nie, ons veg vir die voortbestaan van 'n volk wat in groot gevaar verkeer. (Dawerende toejuiging.) Waar die Komintern sê: ,,Geen God, geen Volk, geen kleur'', daar sê die Ossewabrandwag: ,,My God, my Volk, my Land, SUID-AFRIKA!''**

**En waar die Komintern geen rasse erken nie, dog net 'n klas, daar erken ons geen klasse nie, dog wel 'n ras,** die blanke ras wat Suid-Afrika as enigste Vaderland erken — die Afrikanerdom.

### KETTING VAN BLOED

Want die klas of beroep waartoe 'n man of 'n vrou behoort, is 'n toevalligheid wat kan verander, maar sy bloed, sy ras, is iets Godgegewens wat hom aankleef solank hy leef. **En die Nasionale Gesagstaat sien in die volksgenoot die draer van die bloed. En aan die kinders of nageslagte sal mens nie kan sien of hul vader 'n Nat. was of S.A.P. of Smelter of Gesuiwerde nie, of hy 'n rooilus op sy skouer had of nie, of hy 'n boer of 'n klerk of 'n predikant of 'n mynwerker was nie. Een en almal is hulle die Afrikaanse nageslag, die volk van môre en oormôre.** Want elke geslag en elke volksgenoot is maar 'n skakel in die volkshistoriese ketting van geslagte. Die aaneenskakeling van geslagte saam maak die Afrikanervolk uit, van die verlede na die toekoms. En 'n ketting is nooit sterker as sy swakste skakel nie. **Daarom wil ons sorg dat elke skakel sover doenlik ewe sterk is en ewe gesond, sonder aansien van persoon of klas of uniform of party.**

**Die Nasionale Gesagstaat wil hulle saamsweis in een geheel, nie in partye en klasse nie, 'n partylose Staat, omdat partypolitieke verdeeldhede 'n weelde-artikel vir mooiweersdae is en nie vir die stormtyd van volkere wat nou oor die aarde veeg nie.**

Laat ons asseblief hierdie hoofwaarheid voor oë hou: Die Nasionale Gesagstaat se hoofbelang in sy volk is dat daar gesonde gesinne moet wees wat 'n menswaardige bestaan voer, gesond na siel en na liggaam. **Gesond na siel omdat ons nasionaal is, gesond na liggaam omdat ons sosiaal is.**

Ons teenstanders praat ook van sosiale beveiliging, maar ,,sosiale beveiliging'' teen wie? **Juis teen kapitalistiese uitbuiting!** En met wie se verlof en parlementêre stemme en perssteun moet die Regering dit op die wetboek bring? **Juis met behulp van die Kamer van Mynwese en sy pers. Die uitbuiter moet nou die uitgebuite beskerm. Wolf was nog nooit 'n oortuigende skaapwagter nie.**

**Nee, sonder die stywe teuels van 'n doelbewuste en nasionaal-sosiale Gesagstaat kan geen volk hoop om sosiale beveiliging vir alle volksgenote te bewerk nie.**

Daarom aanvaar ons Beweging met volle hart en albei hande die geloof in die Gesagstaat — nasionaal en tewens sosiaal in sy hele optrede.

Vir hierdie geloof en vir hierdie visioen sit daar pligbewuste en selflose Afrikaners in tronke en kampe. Meestal sonder aanklag en sonder verhoor, maar a mal besiel met die gees van die Osse abrandwag.

En as ander mense, wat meer eie belang en minder offervaardigheid het, hulle wil beklad as saboteurs of rampokkers of Duitse Sappe, ons wat hul strewe ken, **ons eer hulle as soldate en martelare van die Republiek wat kom, die Nasionaal-sosiale Gesagstaat wat die enigste teenvoeter teen die Komintern en die swart Sowjetrepubliek in Suid-Afrika kan wees.**

Alleen sodoende kan die Voortrekkerideaal van 'n blanke Suid-Afrika verwesenlik en beskerm word en nie met stories van vryheid en gelykheid tussen die kommunistiese wolwe en die demokratiese skape nie.

En om daardie Voortrekkerideaal te bereik en te hou is geen offer en geen moeite of lyding vir die Afrikanerdom te radikaal of te veel nie.


*Ten spyte*

van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

**Damesuitrusting**

by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE



**O.B.-MUSIEKBUNDEL**

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B. MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied'' moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

**Prys 2/6 Posvry**

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU !!

**O.B.-HOOFKWARTIER**

Posbus 8576, JOHANNESBURG.



**VAN ZYL, BOSMAN EN VAN ZYL**

(EDMS.) BPK.

Kerksaal-Gebou ∴ Voortrekkerweg



MAITLAND



***Boere!!***

*Eindelik die oplossing om stabiele pryse te kry:*

**Stuur u vee aan ons---die firma wat alleen per graad en gewig daeliks bemark**

*Skryf vir besonderhede en permitte.*

*Posbus 22.* *Foon 5-2370.* *Telegramme: GEWIG.*

**MAITLAND.**



Voeg

DIE DAAD

by

DIE WOORD

Rook

Patriot



**MEUBELS**

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars**

(Eiendoms.) Beperk.

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.



Die Kaapstadse Remskoen-Toneelvereniging

stel voor . . . . . .

**AFRIKANERHARTE**

(Drama in Drie Bedrywe).

MAANDAG, 22 MAART om 8 nm. Stiptelik

in die

**Hofmeyrsaal — Groote Kerkgebou**

(Fondse ten behoewe van die O.B.-Noodhulp)

Plekbespreking: Kamer 914, Groote Kerkgebou

# Indrukwekkende Vryheidsfees Aan Voet van Amajoeba

**Vryheidsdag is vanjaar weer deur die Ossewabrandwag oor die lengte en breedte van Transvaal gevier, met die sentrale fees op die AMAJOEBA-terrein as die middelpunt van belangstelling.**

Volgens berigte wat reeds ingekom het kon die geesdrif van offisiere en brandwagte nòg deur die moeilike vervoeromstandighede nòg deur die aanhoudende reëns wat oor die naweek oor 'n groot deel van Transvaal uitgesak het, gedemp word. In baie gevalle is groot opofferings getroos om die feeste by te woon, sodat die bywoning oor die algemeen baie bemoedigend was. 'n Hele aantal boere van verafgeleë plekke wat graag die fees by Amajoeba wou bywoon, het hulle nie deur 'n petroltekort laat afskrik nie. **Hulle het eenvoudig hul gesinne en die benodighede op trollïewaens of tentwaens gelaai en koers gevat na Amajoeba.** 'n Boer uit Standerton het 'n trekker voor sy sleepwa gehak en sy geselskap op Amajoeba besorg. Daar was b.v. feesgangers van Nelspruit, Lichtenburg, Ventersdorp en Groblersdal en ander uit Noord-Transvaal.

Toe die verrigtings Vrydagmiddag, 26 Februarie, 'n aanvang geneem het, was die wêreld daarlangs reeds nat sodat die motors deur die modder moes voortsukkel. Genl. J. D. Jerling, A.K.G. vir Transvaal, het 'n welkomswoord tot die aanwesiges gerig. Vrydagaand is baie gesellig verwyl deur gesamentlik O.B.- en ander Afrikaanse liedere te sing, en deur 'n rolprentvertoning van verskillende O.B.-funksies en sametrekkings in Transvaal.

Saterdagoggend het almal wat in staat was om die berg uit te klim, in optog na die kruin van Amajoeba vertrek. Hier op die kruin waar die „rooibaadjies" so 'n gedugte nederlaag deur die Boerewapen toegedien is, het die feesgangers vergader om hulde te bring en nuwe besieling te put. By hierdie geleentheid is 'n plegtige vlaghysing op die kruin van die berg uitgevoer om te dien as simbool van die Vierkleur wat weldra die vryheidsboodskap oor die lengte en breedte van ons vaderland sal aankondig. Die plegtigheid op die berg is geopen deur 'n diens, gelei deur ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad. Ook is daar toesprake gehou deur A.K.G. Jerling en genl. J. F. van der Merwe, A.K.G. vir die Vrystaat; hulle het die waarde en betekenis van Amajoeba vir die Afrikanervolk beklemtoon.

Saterdagmiddag is die verrigtinge weer onder op die feesterrein voortgesit. Toesprake is gelewer deur mev. genle. C. Meyer, voorsitster van die Vrystaatse Vroue-Adjunkraad, mev. genle. K. Malan, voorsitster van die Transvaalse Vroue-Adjunkraad, genl. C. A. Pienaar, A.K.G. vir Natal en genl. Louis Bootha, hoofgeneraal vir die Rand. Onderwyl die toesprake gehou is het die reën so gestort dat die verrigtinge soms onhoorbaar geword het weens die geknetter van die reën op die dak van die feeshuis.

Die aand van 27 Feb. is die aanwesiges eers behoorlik in gelid opgestel vir die vryheidsviering. Daarna is die Vryheidsverklaring van die Ossewabrandwag voorgelees en om 9.15 is die vryheidsvure gelyktydig op die kruin van Amajoeba-berg en op die feesterrein aangesteek. 'n Miswolk het oor die berg gehang sodat die rooi glans van die groot vuur 'n indrukwekkende gesig vertoon het. Die verrigtings van die aand is afgesluit met 'n pittige toespraak deur ds. S. J. Stander. Hy het Amajoeba-berg geneem as simbool van die standvastigheid, onwrikbaarheid en krag waarmee ons in die vryheidstryd besiel moet wees.

Sondag, die laaste dag van die fees, is stil en in 'n gewyde stemming deurgebring. Die dag is ingelui deur 'n diens deur ds. Stander, wat ook 'n diens in die middag en die sluitingsrede gehou het. In plasreën het die feesgangers van mekaar afskeid geneem, diep ander die indruk van die plegtige oomblikke wat hulle in die teenwoordigheid van hierdie „Godgeskonke monument" kon meeleef, en menigeen met die stille versugting en gebede dat Amajoeba met die volgende feesviering sy skaduwees oor die bodem van 'n vrye en onafhanklike Republiek sal strek.—(Tvlse. Korr.)


## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

**MEER AS 200 KURSUSSE**

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ..........................

Naam..........................

Adres..........................

(O.B. 17 Maart 1943)..........................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stron.

**Helpmekaar**

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,
JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512



**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.


## Amajoeba-feeste in Transvaal

Benewens die groot sentrale fees by Amajoebaberg, is geslaagde feeste op die volgende plekke in Transvaal berig:

**Pietersburg:** Op Saterdag, 27 Feb., het 'n skare van oor die 2,000 mense op die Louis Trichardt-plein alhier vergader om Amajoeba-fees te vier. Prof. L. J. du Plessis van Potchefstroom het by hierdie geleentheid as spreker opgetree en sy boeiende toespraak, waarin hy veral verskillende aspekte van die huidige vryheidstryd van ons volk baie helder ontleed het, het 'n besondere indruk op die feesgangers gemaak.

Die groot vuur is aangesteek met die Vryheidsvlam wat hierheen oorgebring is van Pretoria waar dit sedert die Eeufees in 1938 brandend gehou word, om onder geen omstandigheid geblus te word voordat die Vierkleur weer oor 'n onafhanklike Republiek wapper nie.

Hoofgenl. H. L. Neethling het die verrigtinge van die dag gelei.

**Melville, Johannesburg:** Die twee generaalskappe van Johannesburg het Vryheidsdag vanjaar gesamentlik op Geldenhuys-park, Melville, gevier en hoewel die verrigtinge die aand in stortreën 'n aanvang geneem het en dit aangehou reën het, het ongeveer 500 offisiere en brandwagte die reën trotseer om die verrigtinge te volg. Selfs onder die hardste buie het hulle nie die terrein verlaat nie.

Dr. P. J. Meyer het as spreker opgetree en hy het in die reën gestaan terwyl hy sy toespraak gelewer het. By tye het hy enkel-diep in die water gestaan. Met 'n kragtige rede het hy sy gehoor besiel.

By hierdie geleentheid het dr. Meyer ook twee Martini-Henri patrone, wat nog nie afgevuur is nie en na die slag van Amajoeba op die slagveld opgetel is, aan die twee generaalskappe oorhandig met die versoek dat dit aan die Kommandant-generaal oorgedra word sodat hy dit vir die Afrikanervolk in bewaring kon neem.

Genl. G. Puren was die bevelvoerende offisier.

**Nylstroom:** Ook op Nylstroom het 'n groot skaar op Vryheidsdag vergader om hulde te bring aan die dapper stryders van Amajoeba en opnuut die taak in die huidige vryheidstryd van ons volk te verneem. As sprekers het opgetree mnre. W. A. Joubert, van Potchefstroom en S. Pauw, van Pretoria.

Genl. Rossouw was in bevel.

**Carolina:** Die Kommandantskappe van Carolina en Belfast het Vryheidsdag vanjaar gesamentlik gevier op die plaas van mnr. Brink, tien myl uit Carolina. In stortreën het die Boere na die feesterrein opgetrek en toe die verrigtinge die middag 'n aanvang geneem het was daar minstens 400 mense. Onder die aanwesiges is 'n hele aantal persone opgemerk wat bekend staan as ondersteuners van die H.N.P. In 'n gees van hartlike broederskap is fees gevier onder die besef dat almal Afrikaners is met een verlede en een lotsbestemming.

As spreker het opgetree mnr. J. J. Piek, van Johannesburg, en hy het daarop gewys dat die Ossewabrandwag na Amajoeba No. 2 optrek, vasberade om ons volk nie slegs na buite te bevry nie, maar om hom ook innerlik vry te maak van die bande van ekonomiese, maatskaplike en geestelike knegskap waarin die liberalisme en kapitalisme ons volk gevoer het.

Hoofkomdt. Scheepers van Carolina het ook 'n paar woorde van aanmoediging tot die aanwesiges gerig.

Komdt. Vorster van Carolina en komdt. Viljoen van Belfast het die bevel gevoer.

**Fochville:** Sowat 150 geesdriftige Boere het alhier vergader om Vryheidsdag te vier. As spreker het opgetree genl. D. du Toit, van Potchefstroom.

**Potchefstroom:** Die verrigtinge hier is bygewoon deur meer as 500 geesdriftige offisiere en brandwagte. Hoofkomdt. D. van Rooy het die feesgangers toegespreek.—(Tvlse Korr.)

## KLA NOG STEEDS AAN

### Dr. Malan Verwyt Regering In Verband met Sabotasie

In die debat oor kommunisme in die parlement het dr. D. F. Malan, leier van die H.N.P., die Regering die volgende verwyt toegevoeg (Die Burger, 6 Maart):

**„Maar so min dink die Regering van die erns van die gevaar van sabotasie dat waar in die hof blyk dat sabotasie op bevel gepleeg word, hy om politieke redes nie eens die moeite doen om vas te stel vanwaar die bevel kom nie."**

Na afloop van hierdie hofsake indertyd het H.N.P.-politici van verhoog tot verhoog geïnsinueer dat dit die Ossewabrandwag is wat vir die sabotasie verantwoordelik is. Tans word die Regering openlik deur die „volksleier" verwyt **omdat hy nie meer Afrikaners vervolg as wat hy reeds gedoen het nie! Die tronke is vir hom nog te leeg!**

'n Jaar gelede het dr. Malan die O.B.-leiers by wyse van 'n beëdigde verklaring in die parlement aangekla van aanhitsing tot moord. Hy het van sy sitplek af opgestaan en die beëdigde aanklag in die hande van die Minister van Justisie gaan aflewer. Hy het egter nooit gewaag om sy verklaring buite die parlement te herhaal sodat die egtheid daarvan getoets kon word nie.

## Ladismith-Kommando Vier Vryheidsdag

Saterdagmiddag, 27 Februarie, het ongeveer 250 Brandwagte op die plaas van oom Jan Kloppers, Buffelskloof, bymekaar gekom om Amajoeba-dag te herdenk. Gedurende die middag is jukskei gespeel en verversings verskaf.

Om 8-uur het almal in gelid na die koppie gemarsjeer waar die vuur aangepak was. Komdt. Hofmeyr het 'n kort maar besielende toespraak gelewer. 'n Gryse ou vader, oom Hansie van Tonder, het voorgelees uit die Bybel en 'n roerende gebed gedoen. Hierna is die Amajoeba-kantate op treffende wyse voorgedra. 'n Paar Penkoppe het met fakkels rondom die houtstapel gestaan en tegelyk die vuur aangesteek. Om 9.20 presies het al die Brandwagte op aandag gestaan en gesalueer. Met die Kommandant aan die voorpunt het elkeen omgestap en sy stukkie hout in die vuur gegooi.

## DIE TRANSVALER GLO NIE PARTY-BESKULDIGING

Die leuen dat dr. Van Rensburg die Ossewabrandwag aan genl. Smuts verkoop het of dat hy met Smuts skakel, is nog steeds een van die vernaamste besware by blinde partyaanhangers teen die Volksbeweging. Op 23 Desember ll. het Die Transvaler in 'n voetnoot hierdie leuen uitdruklik weerlê in antwoord op 'n verwyt wat die blad toegevoeg word van die kant van een van sy lesers. Die Transvaler skryf as volg: **„Wat nou dr. Van Rensburg betref, Die Transvaler beskou hom nòg as 'n handlanger van die Veldmaarskalk nòg as 'n vermomde agent van Hitler.**

By dr. Van Rensburg gaan dit eenvoudig om die eie persoon. Hy wil graag die alleenheerser van Suid-Afrika word en om sy doel te bereik, skroom hy nie om die volk waaruit hy gebore is, by die Duitsers te beklad en te beswadder nie."

Dit is darem 'n groot vordering. Die Transvaler glo dus ook nie die kinderagtige bewering van sy hoofleier nie. Later sal hy wel ook uitvind dat dr. Malan so „bekladdingstorie" ewe min om die lyf het, want as dit „beklading van jou eie volk" is wanneer jy jou verdedig teen die belastering van 'n groepie partyleiers, is dit sekerlik 'n baie groter bekladding van jou volk om die beweging waaraan 300,000 Afrikaners behoort het uit te maak vir 'n rampokkerbende.

*ONDERSTEUN ONS BLAD*

**DIE O.B., WOENSDAG, 17 MAART.**

# Beroepsburgers en Verder net Slawe

Dit was nie so lank gelede nie toe daar van nasionale kant baie gepraat en geskryf is teen die ontneming van staatsamptenare se volle burgerregte. Veral is sterk pleidooie gelewer dat onderwysers die volle reg moet hê om 'n mening oor staatkundige aangeleentheid daarop na te hou en uit te lewe. Van owerheidsweë is 'n beleid van intimidasie gevolg teen almal wat by die staat in diens is en nie die oortuiging van die regerende party onderskryf nie. Die sogenaamde uitskopbeleid wat toegepas is op alle andersdenkende persone het groot bitterheid veroorsaak, want elke regskape mens het gevoel dat dit 'n tirannie in die ergste graad is wanneer gebore burgers nie die reg mag hê om deel te neem aan die staatkundige aangeleenthede van hul vaderland nie bloot terwille van die brood wat hulle eet. Daar is selfs 'n wet dat staatsamptenare nie aan enige politieke organisasie mag behoort nie. **Hierdie toestand het sy ontstaan te wyte aan die partypolitiek waardeur 'n volk in twee oorlogvoerende groepe verdeel word wat mekaar tot die uiterste toe beveg. Vir sy eie veiligheid was dit nodig vir die oorwinnende party om die amptenare van die staat wat nou sy amptenare word òf uit te sif sodat net die lojales oorbly wat sy beleid kan uitvoer, òf alle amptenare geestelik te ontman sodat hulle niks meer as politieke kamerlinge van die heersende party sou word.**

**Net Afrikaanse.**

Hoewel ons volk hom teen hierdie toestand sterk verset het, was daar in die afgelope paar jaar 'n baie sterk neiging om nie alleen daarin te berus nie, maar hierdie geestelike tirannie as 'n soort ideaal te aanvaar. Meer en meer het dit nie net 'n vereiste vir staatsamptenare geword om geen deel te neem aan die openbare lewe nie, maar Afrikaanse ondernemings het hierdie reël stadigaan op ander terreine van die lewe begin toepas. Ons sê uitdruklik **Afrikaanse** ondernemings, want snaaks genoeg, die Jode en Engelse het oor die algemeen gewetensvryheid vir hul werknemers gelaat. So het dit dikwels gebeur dat 'n klerk in 'n Jood se winkel as kandidaat vir die Nasionale Party kon staan sonder dat sy brood daardeur bedreig is. Selfs vandag nog laat die uitheemse mynbase toe dat hul werknemers lid van die Ossewabrandwag mag wees. Hierdie vreemdelinge het blykbaar beter geweet wat die doel van hierdie vreemde maatreël in 'n vreemde stelsel is as die Afrikaanse na-apers daarvan. Dit het met laasgenoemde gegaan soos die naturel wat op 'n sonnige dag met 'n reënsambreel rondstap.

So is daar by voorbeeld 'n regulasie van die Nasionale Pers dat geen van sy werknemers — behalwe die wat deur hul vakbonde teen so 'n bepaling beskerm word — aan die politiek en . . . aan kulturele bedrywighede mag deelneem nie! Begryp nou goed, **werknemers by 'n Afrikaanse instelling mag nie daadwerklik deelneem aan Afrikaanse kultuurbedrywighede nie.** Vir elkeen is dit duidelik dat so 'n bepaling op niks anders neerkom as om van sy werknemers galeislawe te maak nie. **Hulle word geestelik vasgekerker aan hul arbeid en mag aan niks anders hul aandag skenk as aan die werk van hul base nie.** Dit is eenvoudig 'n verskriklike en veroordelende toestand in enige beskaafde land.

**Paalheiliges.**

Hierdie gesindheid het ook na ander kringe deurgewerk. In ons kerke het dit die laaste tyd beleid geword dat 'n predikant hom nie mag uitspreek oor openbare aangeleenthede nie. Hy moet kleurloos wees ten opsigte van alles om hom en moet 'n soort middeleeuse paalheilige word wat hom aan die res van die lewe geheel en al onttrek. **En snaakste van alles is dat dit juis diegene is wat vyf, ses jaar gelede**

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

**die hardste geskreeu het teen hierdie verbod op predikante wat vandag die voortou neem om predikante te vervolg wat met enige ander Afrikaanse organisasie simpatiseer as die eie heilige party.**

Dit het deurgewerk op kultureel-ekonomiese gebied. Ons grootste kultuurverband, die F.A.K., se amptenare word vandag voor die keuse gestel om kleurloos of werkloos te wees. Hulle mag nie blyke gee van hul simpatie teenoor republikeinsgesinde organisasies nie.

Dit het verder deurgevreet tot selfs in so 'n volksorganisasie soos die Reddingsdaadbond. Amptenare van die Reddingsdaadbond moet hulle op nasionale gebied vandag skuil hou soos skugter naguile in 'n rietbos.

**Nuwe Bedreiging.**

Hierdie onmenslike gesindheid is deur beroepspolitici ingedra tot in ons ekonomiese lewe. Afrikaanse besigheidsinstellings wat groot en magtig geword het, word nou bedreig met hierdie verderflike kiem. **Ons noem voorlopig geen naam nie, maar die werknemers van 'n groot Afrikaanse onderneming word tans bedreig om voor die keuse gestel te word van òf hul Afrikaanse kleur òf hul werk prys te gee. Ons wil betyds hierteen waarsku, want hierdie nuwe mode wat 'n paar jaar gelede nog as 'n boosheid veroordeel is, sal êrens gestuit moet word of so nie gaan dit ons hele Afrikaanse volkslewe ruïneer.**

**As elke onderneming, as elke besigheid, as elke beroep, as elke organisasie gaan eis dat sy werknemers aan niks mag behoort of aan niks mag deelneem nie, sal daar binnekort geen ander burgers oorbly as 'n paar pensioenarisse, 'n paar renteniers en ten slotte 'n paar betaalde politici nie.** Met ander woorde. daar sal net 'n groepie **beroepsburgers** oorbly, en ons vrees uiteindelik ook net 'n groepie beroepskultuurmense. **Die res van die volk sal vir die samelewing nie veel meer kan doen as om eenmaal in vyf jaar 'n kruisie agter die naam van een of ander beroepspolitikus te gaan trek nie. Verder sal hulle wees slawe van hul daaglikse arbeid.**

Gedryf deur hul blinde haat teen die republikeinse Volksbeweging is 'n groepie politici vandag besig om die fondamente van ons hele Afrikaanse samelewing te skud. Soos die blinde Simson die pilare onder die Filistyne omarm het om in 'n laaste wraakstoot sy vyande te laat instort al moet hyself onder puin begrawe word, so maak hierdie politici vandag misbruik van die sleutelposisies wat aan hulle deur die volk toevertrou is om alles te laat intuimel in die hoop dat die Ossewabrandwag saam met hulle in die puin begrawe sal word.

Die Ossewabrandwag is egter geroepe om brandwag te staan oor die volk se belange op elke terrein. Daarom waarsku ons by voorbaat dat hierdie proses van nasionale ontkragting nie verder deurgevoer kan word nie. Dit is reeds glad te ver.

# *Brokkies Uit Die Buiteland*

## *Voedseltoestande in die Europese Lande en Hongerblokkade*

Daar is min lande, veral tydens die ontwrigting van 'n oorlog, wat daarop aanspraak kan maak dat hulle honderd persent selfversorgend is. Dit geld vir grondstowwe vir die oorlogsnywerheid en veral ook vir die voedselvoorrade. Dat voedselvoorrade in tyd van oorlog 'n beslissende invloed op die oorlogvoering self het, is vanselfsprekend. Vandaar dan ook dat 'n oorlogvoerende moondheid alles in sy vermoë doen om die voedselvoorrade van die vyand op alle moontlike maniere te vernietig en om te verhinder dat die vyand sy eie voedseltekorte uit die buiteland aanvul. Generaal Honger in die kamp van die vyand is 'n uitstekende bondgenoot.

Daar word verskillende middels aangewend om die vyand uit te honger. 'n Seemoondheid met 'n oppermagtige oorlogsvloot sal probeer om alle oorsese toevoer na die vyand af te sny.

Blokkade is die naam van hierdie uithonger-wurggreep en dit is 'n middel wat nie net teen die vegtende soldate nie maar veral teen die tuisfront, die nie-vegtende grysaards, vrouens en kinders van die vyand met dodelike uitwerking aangewend kan word. Die geskiedenis van Napoleon en van Duitsland gedurende die laaste oorlog het bewys gelewer hoe beslissend 'n honger-blokkade kan wees. Hulle het weliswaar van teenmiddels, van 'n teenblokkade, gebruik gemaak en hoewel hulle 'n groot mate van sukses gehad het, was hul teenmiddels nooit so geslaagd en beslissend as dié van die seebeheersende vyand nie.

### HUIDIGE TOESTAND

Sedert die huidige oorlog uitgebreek het, is daar veel oor voedseltoestande en honger-blokkades geskryf. Die oorlogspropaganda het hom van die eerste dag van die oorlog af daarop toegelê om voedseltoestande in die lande van die vyand in sombere kleure te skilder terwyl die voedseltoestande in eie land so rooskleurig moontlik voorgestel is. Van 'n honger-blokkade is weereens van die begin van hierdie oorlog af grootse verwagtings gekoester. Dat die oorlog egter nie ontwikkel het soos baie mense hulle dit voorgestel het nie, is 'n feit waaroor hier nie hoef uitgewei te word nie. Alleen oor die ou beproefde wapen van die Brit, nl. die honger-blokkade, volg 'n paar gedagtes.

### 'N AMERIKAANSE OPNAME

Blykens 'n onlangse opname van die voedsel toestand in Europa deur die Amerikaanse departement van landbou word die volgende vasgestel: Europa, met uitsondering van Duitsland en Italië, voel die knyp van kleiner voedselvoorrade. Die totale voedselvoorrade, met uitsondering van dié in Rusland word geskat op sowat twee tot drie persent minder as verlede jaar en sowat 15 persent onder die oorlogsgemiddelde.

Volgens hierdie opname sou voorrade van land tot land en tussen stedelike en plattelandse gebiede van dieselfde lande aansienlik wissel. Die meeste van die plaasbewoners lewe, na verklaar word, op 'n vooroorlogse basis. Die voedseltekort is die ernstigste in die stede van besette lande. 'n Opsomming van die toestand bring die volgende aan die dag: In Duitsland is daar min verandering in vergelyking met die streng-beperkte peile van verlede jaar. In Italië sal die stedelike toestand, na verwag word, voortgaan om moeilik te wees weens distribusie-moeilikhede. In België en Noorweë skyn die vooruitsigte donker te wees. In Nederland sal voorrade onvoldoende bly, maar oor die algemeen beter as in Frankryk en België. In Denemarke sal die standaard van voedselverbruik, na verwag word, agteruitgaan, hoewel dit hoër bly as in enige ander besette land. In Frankryk duur tekorte aan voedsel wat gewoonlik uit Noord-Afrika, veral groente, olies en vrugte ingevoer is, voort. (Weens die Brits-Amerikaanse besetting van Frans-Noord-Afrika is hierdie invoer uitgeskakel). In Griekeland sou die voedselprobleem die grootste wees van alle Europese lande. In Spanje sou die toestand swak wees weens kleiner opbrengs en distribusie-moeilikhede. In Swede, Switserland en Portugal sal bevredigende voedselvoorrade waarskynlik gehandhaaf kan word as plaaslike produksie deur oorsese besendings aangevul word. In onbesette Rusland is daar getuienis van aansienlike skaarste. In besette Rusland is die toestand nog slegter weens die benodigdhede van die invallers. Tot dusver die Amerikaanse opname van die voedseltoestand in Europa.

Dit is hier in Suid-Afrika onmoontlik om hierdie Amerikaanse gegewens te toets. **Wat die twee hoofvyandelike magte in Europa betref, nl. Duitsland en Italië, is die Amerikaanse toegewings egter merkwaardig.** Toegewings van die kant van die vyand is

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

altyd betroubaarder as aansprake. Uit hierdie Amerikaanse bevindings kan 'n paar gevolgtrekkings gemaak word. **Eerstens het die bekende Britse honger-blokkade nog geen beslissende uitwerking op Duitsland en Italië gehad nie. Tweedens het Europa tot groot mate daarin geslaag om selfversorgend te wees. Derdens het die Angelsaksiese hulpverlening nie daarin geslaag om „aansienlike skaarste" in die onbesette Rusland te verhinder nie.** Sou die voedseltoestand in Brittanje en in sommige Brits-Amerikaanse gebiede soos Noord-Afrika, Egipte, Sirië, Irak, Iran en Indië beter wees as in Europa?

# OFFISIERE OPENBAAR GROOT GEESDRIF

## Vergaderings aan Oos-Rand

Op 18 Januarie jl. is in die Brakpanse stadsaal 'n geesdriftige gehoor van om en by die negehonderd offisiere toegespreek deur hoofgeneraal Louis Bootha, genl. P. du Toit (Generaal van die afdeling), komdt. Van Heerden (Adj. van A.K.G.) en komdt. Herold (Adj. van genl. Du Toit).

Ook op Balfour, in die stoor van veldkornet A. M. Mostert, het nagenoeg 200 offisiere tot halftien die aand gewag vir die besoek van die bogenoemde offisiere aan die Hoofkommandantksap van hoofkomdt. J. J. Gouws wat bestaan uit die Heidelberg-, Nigel- en Hoëveld-kommandantskappe.

Die opkoms op albei sentra was uitstekend, en as ons vervoermoeilikhede ens. in ag neem, was dit selfs skitterend; want baie van die aanwesiges het hul laaste druppel petrol daarvoor gebruik.

'n Organisasie wat nieteenstaande alle moeilikhede so kan presteer, is alles behalwe die beweerde geraamte van sommige politici.

Die besielende woorde van genl., of liewer, Oom Louis, en die ander sprekers, het weer nuwe krag gegee vir die moeilike pad wat voorlê.

Die geesdrif by die vergaderings aan die dag gelê, is weer 'n riem onder die hart, en gee weer aan al ons offisiere nuwe moed om vas te staan.—(Korr. van 5B3.)

# VERGADERINGS VAN A.K.G. IN O.V.S. EN KAAPLAND

**Genl. J. A. Smith, Assist.-Komdt.-generaal, spreek O.B.-vergaderings in die Vrystaat en Kaapland op die volgende plekke toe:**

**VRYSTAAT:**

**Clocolan, 13 Maart, 10.30 vm.**
**Excelsior, 13 Maart, 8 nm.**
**Ventersburg, 15 Maart, 10.30 vm.**
**Brandfort, 15 Maart, 8 nm.**

**KAAPLAND:**

**Richmond, 16 Maart (aand) Stadsaal.**
**Murraysburg, 17 Maart.**
**Aberdeen, 18 Maart (8 nm., Marksaal).**
**Jansenville, 19 Maart (2 nm., Stadsaal).**
**Steytlerville, 19 Maart (aand).**
**Oudtshoorn, 22 Maart (7.30 nm., Drilsaal).**

**Waar die tyd en plek nie genoem word nie, word dit plaaslik gereel en moet by die betrokke offisier navraag gedoen word.**

# NUWE EED ONGEWILD BY EERSTE DIVISIE

Volgens 'n artikel in die Natal Mercury vind die nuwe eed vir diens buite Afrika min byval by die Eerste Divisie. **„Die antwoord van die manne van die Eerste Divisie op die nuwe eed was, om dit sag te stel, teleurstellend,"** is die blad se bevinding na aanleiding van 'n vergadering van soldate in Pietermaritzburg. Hy verklaar dat die sensor hom verbied het om 'n verslag van die vergadering te publiseer.

# Partyleiding Skeur Republikeine Ook in Natal Uitmekaar

## Voorsitter en Talle Afgevaardigdes Verlaat Kongres Ná Vyandige Besluit

**Byna helfte van die afgevaardigdes wat die Natalse kongres van die H.N.P. aan die begin van die maand op Vryheid bygewoon het, is gedwing om die kongres te verlaat, waardeur die eenheid wat nog steeds in daardie Provinsie met groot moeite gehandhaaf is, vernietig is. Dit het gebeur nadat 'n voorstel aangeneem is dat Natal ook die nuwe organisasieplan en eed van trou aan die Party moet aanvaar. Ook die voorsitter, mnr. Manie Potgieter, het die stoel verlaat en uitgestap.**

Meeste H.N.P.-blaaie het geen berig in verband met die kongres gepubliseer nie. Dit is ook nie deur hulle aangekondig nie, sodat 'n groot aantal takke nie eens verteenwoordig was nie.

Die voorstel was afkomstig van die Natalse Hoofbestuur en was bedoel om die vyandigheid teenoor die Ossewabrandwag ook in Natal in volle krag deur te voer en republikein van republikein te skeur. Nadat die voorstel ingedien is, het mnr. C. A. Pienaar, waarn. A.K.G. en ook lid van die hoofbestuur van die party, 'n teenvoorstel ingedien wat as volg gelui het:

,,Jong Suid-Afrika weier beslis om erfgenaam te word van die Afrikanervolksverdeling en om hom te laat gebruik om die liberalistiese verbrokkeling van die volk voort te sit. Hy verkies om deur moeisame arbeid en opoffering die edele en mooie in ons volksgeskiedenis, getoets aan die ewige beginsels van Gods Woord, te handhaaf en daarop voort te bou ter inname van 'n ereplek in die wêreldry van nasies. Aangesien die wêreld vandag op die drumpel van 'n nuwe politieke en sielkundige bedeling staan, wil ons die etiese begrippe van wat waar en edel en opreg in ons volksverlede is, prakties uitleef met die leuse: ,Ek is wel my broeder se hoeder', tot diens van ons volk, tot heil van ons nageslag en tot eer van God.''

Hierdie voorstel is met 'n klein meerderheid verwerp en dié van die hoofbestuur met dieselfde klein meerderheid aangeneem, waarop genl. Pienaar met vyftien ander afgevaardigdes die saal verlaat het. Onder hulle was van die Party se oudste en getrouste ondersteuners deur al die jare. Nadat die kongres 'n voorstel aangeneem het dat geen ampsdraer van die Party lid van die Ossewabrandwag mag wees nie, het die voorsitter die stoel verlaat nadat hy heftig beswaar daarteen gemaak het. 'n Nuwe voorsitter is in sy plek gekies.

Na die skeuring was die geesdrif dood en die res van die tyd is bestee aan 'n floue bespreking deur die oorblywende klompie H.N.P.-lede van die bewapening van naturelle en die kommunistiese gevaar.

Die kongres sou eers verlede maand plaasgevind het, maar is om een of ander rede uitgestel en talle takke selfs in die distrik van Vryheid was nie daarvan bewus nie. H.N.P.-lede in die dorp self was verbaas toe hulle verneem dat daar 'n kongres aan die gang is. Die enigste leier wat teenwoordig was, was mnr. Adriaan Nel, die provinsiale leier. Dit was die kleinste kongres wat nog ooit in Natal gehou is. Daar was nooit meer as veertig mense in die saal nie.

Hoewel die Partyleiding reeds vir meer as 'n jaar gelede sy skeuringsbeleid in die ander Provinsies toegepas het, het die Natalse Afrikaners totsover nog steeds geweier om te skeur. Nou eindelik het die H.N.P.-leiding hul sin ook in hierdie Provinsie gekry, en sal die stryd teen die Empire met verbrokkelde kragte voortgesit kan word.

## HOE OORSAAK VAN TWIS NÁ 18 MAANDE LYK!

Die volgende aanhalings uit dr. Malan se ultimatum indertyd aan die Ossewabrandwag weerspieël die oorsaak van die huidige broedertwis (Die Burger 28 Aug. 1941):

,,Wat betref die pamflet wat die O.B.-leier versprei het, gaan dit oor die voorlopige konstitusie wat die informele komitee in **my** hande geplaas het sodat **ek** dit aan die staatkundige front kan benut . . . Die vraag is of dr. Van Rensburg die reg gehad het om dit te publiseer . . . **Ek moet eis dat daardie Uniale bevel vervat in daardie sogenaamde pamflette teruggetrek word . . . Met die magte aan my verleen sal ek nie later as Saterdag, tensy aan my eis voldoen word, die O.B. moet verklaar tot 'n organisasie wat in stryd met die party handel.** Dit sal beteken dat geen lid van die Party lid van so 'n vyandige organisasie kan wees nie.''

**Die volk was dus geskeur oor 'n pamflet wat dr. Malan eintlik moes gepubliseer het in plaas van dr. Van Rensburg.**

En tog sê dr. Malan in die loop van sy toespraak dieselfde dag: ,,Van die Uniale kongres het uitgegaan die beroep op alle Afrikaners: **,Sluit jul geledere, vermy ondergeskikte punte wat nie van aktuele belang is nie terwille van die eenheid'.''**

So sal die geskiedenis eendag die ontstaan van die broedertwis sien!

# Goeie Gesindheid Neem Geweldig Toe Teenoor Ossewabrandwag

## Uiters Geslaagde Reis deur Noordweste

**'n Reis deur die Noordwestelike deel van Kaapland deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, en die A.K.G., genl. J. A. Smith, het aan die lig gebring dat die algemene publiek verlang om meer te weet van die Ossewabrandwag en dat die goeie gesindheid teenoor die Volksbeweging geweldig toeneem. Op meeste plekke wat hulle aangedoen het, het lede van die H.N.P. as ook mense wat nog nooit aan die Beweging behoort het nie, kom luister en aansoek gedoen om lidmaatskap. Op twee vergaderings was ook 'n aantal soldate teenwoordig wat met groot aandag geluister en eerbiedig vir die Volkslied opgestaan het. Sommige van hulle was van die geesdriftigste toejuigers.**

Die gevoel begin by alle lede van die volk posvat dat die ou orde met sy party-gekyf en ewige sirkelgang vir goed verby is en dat die Ossewabrandwag met sy nuwe idee van volkseenheid en broederskap die draer is van die toekomstige Afrikaanse orde.

Die toer is onderneem deur die Unie se dunbevolkste dele waar plase van meer as 40,000 morge op sommige plekke aangetref word. Met die petrolrantsoene was dit dus onmoontlik vir alle ondersteuners en belangstellendes om die vergadering by te woon. Verder is hierdie dele deur 'n buitengewone droogte geteister sodat baie mense met hul vee op die trek is. Nogtans was die opkomste met uitsondering van twee plekke bo verwagting goed en so sterk was die geesdrif dat op die verskillende funksies die buitensporigste pryse vir goedere betaal is in belang van die Noodhulpfonds. So is op Springbok 'n mes en vleisbyltjie wat deur iemand uit 'n motorveer vervaardig is, verkoop vir meer as £22.

Die reis het 'n aanvang geneem met 'n vergadering op Zeekoevlei, Clanwilliam, waar 'n pragtige opkoms van meer as tweehonderd was. Die Jeugfront was ook sterk verteenwoordig.

Op die plaas Spes Bona, Vredendal, is 'n samespreking gehou. Aangesien die Ossewabrandwag op hierdie plek geen kanale gehad het om sy vergadering bekend te stel nie, is besluit om 'n samespreking te hou met soveel belangstellendes as wat bereik kon word. Ondanks die feit dat H.N.P.-lede 'n dag of wat tevore by geleentheid van 'n Party-byeenkoms aangesê is om nie die vergadering by te woon nie, was daar 38 mense teenwoordig onder wie 'n aantal Party-mense. Twee van hulle het besluit om lid te word van die Volksbeweging.

Die swakste vergadering was op Bitterfontein, waar 'n H.N.P.-agent rondgegaan het om mense van die vergadering weg te hou. Aan diegene wat nie oorreed kon word nie, is vertel dat almal wat die vergadering bywoon geïnterneer sal word. **Onkunde is dees dae die enigste wapen wat teen die Ossewabrandwag gebruik kan word, en vandaar dan ook dat sommige H.N.P.-blaaie uit hul pad gaan om dreigemente teen hul lede uit te slinger wat O.B.-vergaderings bywoon.**

Op Kamieskroon is 'n pragtige vergadering gehou, as ook op Springbok. **Wat veral getref het op laasgenoemde plek is die feit dat die lede alle O.B.-liedere ken en uit volle bors gesing het.** Die saal was stampvol en baie mense moes buite staan. Ook hier was 'n aantal H.N.P.-lede teenwoordig wat die sprekers 'n goeie gehoor verleen het. Die saal was baie mooi opgemaak.

### ,,EEN VAN MOOISTE''

Mooi vergaderings is gehou op Keimoes en Kanoneiland. Laasgenoemde, het genl. Smith verklaar, was een van die mooiste vergaderings wat hy nog gesien het. **Vir meer as 'n myl het die Jeugfront langs die pad met oorhangende vlae gestaan.** Die saal was tot oorlopens toe vol sodat talle mense buite gestaan het. Die geesdrif was besonder hoog.

Op Groblershoop was 'n goeie opkoms die middag en die sprekers is deur 'n perdekommando ontmoet. Ook op Groot Drink is hulle deur 'n perdekommando ingewag. 'n Netjiese erewag is deur die Vroue-kommando en die Jeugfront opgestel wat die K.G. en A.K.G. in twee rye met vlae tot voor die deur van die huis ingewag en al singende agter hulle aangetree het. Hoewel die vergadering op 'n plaas gehou is, was daar etlike honderde toehoorders.

Saterdag, 27 Februarie, het genl. Smith die middag by geleentheid van Vryheidsfees op Upington 'n skare van tussen 600 en 800 toegespreek terwyl dr. Van Rensburg op daardie oomblik nagenoeg duisend mense op Kakamas toegespreek het. Die aand is met sprekers omgeruil sodat die K.G. toe op Upington was. Dit was besonder warm en teen die aand het die gehoor aansienlik aangegroei.

**Heelwat geld is by die geleentheid ingesamel. So het die Jeugfront van Kakamas by voorbeeld skulpe verkoop met die Ossewabrandwag-wapen daarin vir meer as £11.**

Sondag is die Kommandant-generaal na Johannesburg, terwyl genl. Smith die dag daarop 'n vergadering op die plaas Brakwater, Kenhardt, gehou het. Daar was 'n groot opkoms wat deur hoë geesdrif gekenmerk was. **Net soos op byna alle ander plekke was hier ook H.N.P.-lede wat aansoek gedoen het om opgeneem te word.**

Op Skansklip het die A.K.G. ongeveer honderd mense toegespreek. Dit is een van die droogste dele en daarby 'n dunbevolkte gebied. Op Williston was die groot Kerksaal stampvol en baie mense moes voor die deur staan. Hier het ook 'n paar H.N.P.-lede aangesluit, terwyl ook ander Afrikaners openlik bely het dat die Ossewabrandwag die enigste organisasie is wat die volk kan red en beloof het om voortaan hul kragte in te werp.

### KRANSLEGGING

Op Calvinia is van H.N.P.-kant skriftelik sowel as mondelings teen bywoning van die vergadering gewaarsku en ongeveer 300 mense was teenwoordig. 'n Plegtige kranslegging is die middag gehou by die Burgermonument waar tussen 20 en 30 burgers met hul lewe vir die vryheid betaal het. Drie kranse is gelê, een namens die Oudstryders deur mnr. Willie Steyn, een namens die kommando deur genl. Louw en een namens die Ossewabrandwag as geheel deur genl. Smith. Laasgenoemde het n' rede gehou, terwyl die vroue ,,Slaap Rustig Dappere Helde'' gesing het. Die verrigtinge is met gebed en gesang gesluit.

**In 'n oorsig van sy reis het genl. Smith verklaar dat dit duidelik is dat die geesdrif en die wil om te werk en te dien baie sterker is as wat dit ooit tevore was. Dit het ook geblyk dat die algemene publiek baie meer belang stel in die Beweging en begerig is om inligting in te win na al die verwarring wat gesaai is.** Die goeie gesindheid jeens de Ossewabrandwag neem verbasend toe en die enigste uitsondering is die gedrag van 'n paar politieke agente wat skuimbekkend rondgaan om vooroordeel tussen die mense te saai. Die begeerte om kennis te maak met die beleid van die Volksbeweging was in baie gevalle egter sterker as hierdie mense se dreigemente en gifbuise.

### VERKIESING

Wat die verkiesing betref, was dit oral duidelik dat die mense die Grootraad se standpunt ten volle begryp en aanvaar. Die magteloosheid van die partypolitiek om ons volk te verenig en te red is sterk beklemtoon. In verband met die verkiesing het dr. Van Rensburg die volgende duidelike beeld gebruik. Daar staan 'n man met 'n sambok in die hand (die regering); nou kom 'n teenstander van daardie man (die H.N.P.) na my en vra my

(Vervolg in kol. 2)

(Vervolg van kol. 4)

om hom te help die sambok van die ander man af te neem. Ek vra hom wat gaan hy met die sambok doen as hy dit kry; hy antwoord dat hy my daarmee gaan slaan. Hoe kan ek hom dan help om die sambok af te neem? **Deurdat die H.N.P.-leiding van al hul kandidate eis om die Ossewabrandwag vyandiggesind te wees, selfs al kos dit hulle 'n aantal setels ten bate van Smuts, is dit duidelik dat hulle meer bekommerd is oor die vernietiging van die Ossewabrandwag as oor die Empire-party. Om in so 'n geval hul vyandiggesinde kandidate te ondersteun, beteken om daardie mense te ondersteun wat uitgesoek word om jou dood te maak.**

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.

Herefordstraat, GROBLERSDAL. Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

BELÊ U GELD

waar dit van

3½% tot 5%

rente kan verdien.

Raadpleeg dadelik u

EIE VOLKSBANK

SPOORBONDKAS BEPERK

Posbus 8289, Johannesburg.

Takke oor die hele Unie.

# Skynvryheid van die Demokrasie Met Voorbeelde Verduidelik

## Net Gesag kan Noodtoestand Verhelp

**„Voorstandors van die demokrasie glo self nie aan die verdienstes van die stelsel nie, want elke demokrasie word vandag bestuur deur 'n militêre diktatuur. Dit kan ook nie anders nie, want demokrasie faal in elke noodtoestand. Die nood wag nie totdat debatte afgesluit is nie. Die regering van die dag besef dit al te goed. Maar selfs ook die Party besef dit... want aan hul leier is volmag verleen om selfstandig te handel," het prof. dr. C. H. Rautenbach van Pretoria op 24 Februarie by geleentheid van 'n openbare voorligtingsvergadering in Johannesburg gesê.**

Ons van die Volksbeweging besef dat ons volksnood nie net verbygaande is nie, maar ook diepgaande en kronies geword het, het hy daaraan toegevoeg.

Spr. het verwys na die verhaal van die verlore seun. Hy het sy vryheid geëis, en het sy eie heer en meester geword. Maar hy het mettertyd begin om gebrek te ly en die besef het tot hom deurgedring, dat om sy eie heer en meester te wil wees hom die skyn van die vryheid besorg sonder die inhoud. En hy het as ontnugterde mens teruggegaan en hom **vrywillig onder die gesag van die vader gaan stel. Hy het die hoëre peil van vryheid gevind in die vrywillige gehoorsaamheid aan die gesag van sy vader.**

Dis ook die gang van die mensheid en van ons volk. Ons het waarde geheg aan 'n stelsel wat die belofte aangebied het: Elkeen kan sy eie heer en meester wees en homself na hartelus handhaaf, doen wat hy wil en laat wat hy wil, stem soos hy wil en praat soos hy wil, maar die uiteinde daarvan was ellende en gebrek vir die grootste deel van ons volk.

Gelukkig is daar ook die wat sê: Kyk ons is klaar met die demokrasie met al sy fraai leuses. Dit gee 'n vorm sonder 'n inhoud, die gedaante van die vryheid sonder die krag. **Ons glo nie meer aan 'n vryheid om honger te ly en werkloos te wees nie; om vir die winsbejag van parasiete die arbeid van ons hoof en hande af te staan nie; om geëksploiteer te word nie, om aan die neus gelei te word deur handige professionele draadtrekkers nie; ons glo nie meer aan die vryheid om as volk verdeel te word nie, deur partygesindes, vir wie die deel groter is as die geheel, om mislei te word deur belanghebbende koerantdiktators nie.** Neem al daardie vryhede as presente. Gee ons gesag, reglementeer en reël die lewe, maar laat ons behou die kans om ons God te dien soos Hy verlang, om ons waardigheid as mense te handhaaf, om ons self te wees as Afrikaners en om ons los te woel, uit- en inwendig, van wat as bande beleef word. Terwille van daardie hoëre vryheid lê ons alle skynvryhede op die altaar.

### VOORBEELD

Die gang van sake kan aldus voorgestel word: Daar was 'n tyd hier in die stad Johannesburg toe die verkeer nog gering was. Toe het elkeen gery omtrent soos hy lekkerkry, elkeen was vry om met sy voertuig sy gang te gaan. Maar die verkeer het toegeneem en daarmee die gevaar op straat en straathoeke. Toe het die konstabel met wit handskoene gekom op die druk tye van die dag en die verkeer gereël. Toe die verkeer permanent swaar geword het is die verkeerstekens, die robots, ingestel om die verkeer te reël en te reglementeer en die veiligheid en die lewe van die reisiger te waarborg. Daar op die straathoek waar die mens eertyds gedoen het wat goed was in eie oë, het hy 'n hele klomp van sy oppervlakkige vryhede prysgegee terwille van grotere waardes: die lewe en die veiligheid. Terwille daarvan buig hy vrywillig onder die gesag van stilhoutekens en verkeersligte. Elke mens sal toegee dat dit 'n goeie ding is en vooruitgang beteken.

Die verkeerstroom van die hele lewe het ook so ingewikkeld geword, dat ons terwille van die behoud van hoëre waardes, nie langer kan sê: laat elkeen maar sy eie gang gaan nie. Daardie gang beteken vir die groot mensemassas ondergang van die hoëre waardes en trouens van alle waardes. Nee, die lewe moet liewer uit-en-uit beheer en gereglementeer word. Die demokraat sê: **die beste regering is die een wat die minste regeer, die mense van die nuwe tyd sê: die beste REGERING IS DIE EEN WAT DIE MEESTE REGEER.**

Die Minister van Landbou het vir die boere gesê: plant aartappels. Hulle het aartappels geplant. Die boere was vry om aartappels te plant met moere teen 25/- per sak. Nou is hulle vry om aartappels in die groothandelmark te verkoop teen 5/- per sak. U en ek is vry om aartappels te eet, gekoop in die kleinhandel, teen 7 pond vir 1/-. En die parasiete is vry om sowat 10/- wins onder hulle te verdeel. **Almal was vry, maar die Boer ontvang te min, die verbruiker betaal te veel, en die parasiete is soos die lelies van die veld. Hulle spin nie en hulle weef nie en hulle is beter gekleed as Salomo in al sy heerlikheid. Hulle sê: Suid-Afrika is die allerbeste land van die wêreld. Hier is 'n mens mos vry.**

### IN GESAGSTAAT

Dit kon anders gewees het. Vir die boer kon gesê gewees het: net soveel sakke moere mag hy plant en hy kry 10/- per sak vir sy oes. Vir die stedeling word gesê: jy kry 10 pond aartappels vir 1/-. Die orige 5/- gaan vir spoorvrag, bemarking, agente ens. **Al wat dan sou verlep het was die lelies van die veld, want elkeen sou nie meer kon maak soos hy wil nie, want dan was die saak onder beheer, gereël onder 'n nuwe orde. 'n Stuk demokrasie sou weer verdwyn het, maar wat sou die wins vir die volk nie gewees het nie!**

Die sitrusbeurs het in die afgelope twee seisoene meer as 'n miljoen en 'n kwart sakkies lemoene vernietig en laat vrot om die pryspeil te handhaaf. Maar in die kleinhandel het hulle tot 8/6 per sakkie lemoene gevra! **Hulle was vry om dit te vra. Ek was vry om dit te laat staan. Maar ek was nie vry om dit te koop nie, want ek kan nie lemoene eet teen daardie prys nie.** Hier is die saak gereglementeer — maar dis verkeerd gereël. Ek vra u, wie is die eienaars van die groot lemoenplantasies?

Sewentien persent van die mielieboere, die groot mielieboere, produseer 85 persent van die mielie-oes en die ander 83 persent produseer die orige 15 persent. Die mielievraagstuk word geskep deur 'n gedeelte van die 17 persent — en die probleem kan skynbaar nie opgelos word nie. **Dis nie 'n probleem van die mielieboer nie, maar die probleem van die demokrasie. Vir 'n gesagstaat is dit 'n speletjie om die saak te reël tot beswil van die volk.** Maar sekere menere se vryheid sal aan bande gelê word. Maar wat van die vryheid van al die volksgenote?

Die ganse wêreld beweeg in die rigting van die nuwe lewensvorme. Dis nie 'n saak van keuse nie. **Die nood van die tye skep dit:** Beveridge-plan in Engeland; Ekonomiese Beplanningsraad van genl. Smuts; dr. Malan se paradysmosie; Nuwe Orde se maatskaplike beleid; O.B. se organiese volkstaat, nasionaal en sosiaal. Wat is dan die verskil? Dit: die veldmaarskalk en al sy mededemokrate sê: mense **behou die gedaante** van die vryheid al is dit **sonder die krag,** en ons **mense van die Omwenteling sê: Verwerf die krag** van die vryheid sonder 'n bedrieglike gedaante.—(Tvlse Korr.)

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

MEYER. — Aan dr. en mev. P. J. Meyer, van Johannesburg, 'n fris Boeredogter op 25 Februarie 1943.

### IN MEMORIAM

STANDER — VAN ROOYEN. — Ons dink met weemoed aan ons moeder Maggie en ouma Miemie, wat skielik verhuis het op 14 Maart 1939, een uur na mekaar.

Die verlangende kinders, **P. en M. Möller, Woodstock.**

JACOBS. — Pappie, u eerste verjaardag in die Hemel! Hoe verlang ons om u die dag by ons te hê, maar gun u die salige rus.

Die bedroefde kinders, **H. en S. du Plessis, Fairbairnstraat 6a, Worcester.**

### DANKBETUIGING

**Asst.-veldkte. L. Bieldt** is bly dat sy sover herstel het dat sy haar O.B.-vriende(inne) wat haar tydens haar siekte en verblyf in die Hospitaal so trou besoek en bemoedig het, langs hierdie weg kan bedank.

### UITNODIGING

Ons wil langs hierdie weg, almal wat hom of haar 'n ware Afrikaner noem, uitnooi na ons **Funksie, te Pietzyndrift, op die groot pad van Amersfoort en Ermelo, op 27 Maart 1943. As sprekers** sal optree, **Genl. Fanie Botha, Adv. Jerling, A.K.G.** Die Program begin om 10 v.m. Almal is hartlik welkom. **Bring saam u beursie, 'n leë maag en 'n vriendelike gesig.**

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

TRANSVAAL TOT 27 FEBRUARIE.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Reeds erken | | 15,013 | 11 | 7 |
| Kwit. Nos.: | | | | |
| 2216 | 9B2 | 5 | 12 | 0 |
| 2217 | 8B4 | 5 | 15 | 0 |
| 2218 | 1B4 | 1 | 0 | 0 |
| 2219 | Bydrae | | 4 | 0 |
| 2220 | 1A1 | | 2 | 0 |
| 2221 | 1B2 | 26 | 6 | 6 |
| 2222 | Bydrae | 5 | 0 | 0 |
| 2223 | 3B1 | 2 | 15 | 10 |
| 2224 | Gen. 3 | 4 | 7 | 4 |
| 2225 | Gen. 2 | 4 | 7 | 4 |
| 2226 | 3B4 | | 16 | 5 |
| 2227 | 1C6 | 4 | 19 | 9 |
| 2228 | 1C3 | 7 | 8 | 0 |
| 2229 | 2A1 | 5 | 13 | 3 |
| 2230 | 13C5 | 5 | 11 | 6 |
| 2232 | 11B4 | 3 | 13 | 6 |
| 2233 | 9B1 | 16 | 2 | 2 |
| 2234 | 11C5 | 2 | 16 | 6 |
| 2235 | 8A3 | 1 | 0 | 0 |
| 2236 | 3A1 | 14 | 15 | 10 |
| 2237 | 9C6 | 2 | 7 | 3 |
| 2238 | 2A6 | 18 | 19 | 6 |
| 2240 | 1C5 | 9 | 18 | 3 |
| 2241 | 1C4 | 3 | 19 | 3 |
| 2242 | 13B4 | 3 | 0 | 0 |
| 2243 | 8A2 | 2 | 4 | 8 |
| 2245 | 9C3 | 3 | 7 | 3 |
| 2246 | 13C2 | 1 | 1 | 0 |
| 2246 | 13C5 | 1 | 1 | 0 |
| 2247 | 5A6 | | 6 | 6 |
| 2248 | 8C5 | 20 | 9 | 3 |
| 2249 | 2B4 | 9 | 9 | 2 |
| 2250 | 1B4 | 5 | 18 | 7 |
| 2251 | 1C1 | 12 | 0 | 0 |
| 2252 | Gen. 10 | 15 | 18 | 10 |
| 2253 | 11C2 | 40 | 0 | 0 |
| 2254 | 2B1 | 2 | 15 | 6 |
| 2239 | Bydrae | 53 | 2 | 1 |
| | Totaal: | £15,337 | 16 | 7 |


VOLKSKAS

GEE: 4% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3½% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

3% Rente op Beleggingssertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:

**Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA.**

**Die Volk se Bank.**


### TE KOOP

FRIESBUL. — Vet, Goewernement goedgekeur, 3 jaar oud. £25 getrok. Rede vir verkoop, Stoetbul aangeskaf. **Stoffel Spies, Arbeidslus, Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

KAROO BOK-KRAALMIS. Vry gelewer na Middellandse distrikte, O.V.S. en Natal stasies. 32/6 per ton van 12 sakke. K.M.B. 37/6 per ton van 12 nuwe sakke. K.M.B. Bestel vroegtydig en wees verseker van aflewering. Onmiddellike aandag word geskenk. Ref. Volkskas, Port Elizabeth. **J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

STERK, gewortelde Angelier plantjies: Regina, Rex, Pioneer, Corona, Salmon Regina, Idaho Beauty 3/6 dosyn, 10/- 100. Lorraine 21/- dosyn; Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid 5/- dosyn; 25/- 100. K.M.B. Posvry Unie. Bogemelde soorte het groot dubbel blomme met lang stengels. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

DIESEL ENJIN, 6 perdekrag (byna nuut) en 1 St. Trifical Pomp, 3 duim. Doen aansoek: **C. J. Ritter, Sandfontein, Bus 20, Caledon.**

TAFELAARTAPPELS. — Beste kwaliteit tafelaartappels, 12/6 per sak 153 lbs. V.O.S. Bethlehem. Tevredenheid gewaarborg. **S. W. Rabie, Kommandant, Bethlehem.**

UIESAAD. — Eersteklas uiesaad teen 7/6 per pond, gelewer Uniondale-Busstasie. Die volgende soorte: Vroeë Kaapse Plat Geel, Kaapse Strooi, Australiese Bruin en Spaanse Bruin. Koop regstreeks van die Kweker en kyk of u dan teleurgestel sal wees. **Gert van Rooyen, Dwarsfontein, Uniondale.**

### TE KOOP GEVRA

EEN egte mansgrootte „Cowboy"-rysaal. Nuut of so na aan nuut as moontlik. **Willem N. Haarhoff, Posbus 115, Graaff-Reinet.**

### SPEELSKEIE

SPEELSKEIE van goeie hout. Bottel-skeie teen 3/9; Vierkantige-koppe 4/6. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.**

### SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE om 'n eerlike bestaan te maak, vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.I. £2-19-2; No. 1 £2-14-2; No. 2 £2-9-2 per ton, gelaai Soutpan. **Martie Venter, P/s. Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### KAFEE

VIR smaaklike etes, flinke bediening en netheid, besoek **D. F. du Toit se Kafee, Soutrivier-Mark.**


ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

***Hou Koers Na***

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

**Drukkers, Uitgewers en Boekbinders**

***Die Laan, Stellenbosch.***


### ERKENNINGS VAN O.V.S. SE NOODHULP-BYDRAE

In verband met die Vrystaatse bydrae tot die Noodhulpfonds het die Sekretaris ons versoek om daarop te wys dat die bedrae wat in Die O.B. erken word, nie heeltemal ooreenstem met die erkennings van die sekretaris van die Noodhulpfonds nie. Die rede is dat die Vrystaat reeds tevore 'n fonds van sy eie in die lewe geroep het wat hy afsonderlik aanbestee het. Eers later in die jaar is hierdie fonds by die groot sentrale fonds gevoeg. In Die O.B. is alle ontvangste erken, terwyl die sekretaris van die Noodhulpfonds net die bedrag erken wat later in die jaar aan hom uitbetaal is, vandaar die verskil.

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**